
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES V2

## NOVEMBER 2024

## NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 29 bladsye.**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## NOTAS AAN NASIENERS

**INLEIDING**

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die nasienstandaard
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

| | |
|---|---|
| Nasiener: | Rooi |
| Senior Nasiener: | Groen |
| Adjunkhoofnasiener: | Oranje |
| Hoofnasiener: | Pienk |
| Interne moderator: | Swart/Blou |
| DBE-moderator: | Turkoois |

2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

3. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

   - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
   - Uit 'n ander betroubare bron kom
   - Oorspronklik is
   - 'n Ander benadering gebruik

   **LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.**

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf, wat verband hou met 'n spesifieke vraag en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte, as ook vir berekening en die modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie sowel as die antwoorde relevant wees en met die vraag verband hou.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

    11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief**: Die outokratiese leierskapstyl voorsien sterk leierskap√ wat nuwe werknemers selfvertroue gee en veilig laat voel.' √

    11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. *'Die outokratiese leierskapstyl voorsien sterk leierskap√ wat nuwe werknemers selfvertroue gee en veilig laat voel, √ omdat verwagtinge/rolle duidelik verduidelik is om verwaring te vermy'*. √

**LET WEL:**
1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

    Kognitiewe werkwoorde, soos:

    12.1 Gee, noem, beskryf kortliks, haal aan, identifiseer, motiveer, aanbeveel, stel voor, adviseer *(lys nie volledig nie)* vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

    12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei, toon verskille/differensieer, vergelyk, tabuleer, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

13. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

**LET WEL:**
1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Die bostaande is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C (waar van toepassing)

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum en verwys dit na die DBE interne moderator om die alternatiewe antwoorde in oorleg met die UMALUSI eksterne moderators te finaliseer.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, kan vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELING B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

| | |
|---|---|
| Inleiding | **Maksimum: 32** |
| Inhoud | |
| Gevolgtrekking | |
| Insig | **8** |
| **TOTAAL** | **40** |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

| | | |
|---|---|---|
| Struktuur/Uitleg | Is daar 'n inleiding, paragrawe en 'n gevolgtrekking? | **2** |
| Analise en interpretasie | Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word?<br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A')<br>Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A') | **2** |
| Sintese | Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is?<br>Punte toegeken volgens die gids hieronder:<br>Opsie 1: **Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S')**<br>Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe.<br>Opsie 2: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')**<br>Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs/'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 3: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')**<br>Waar 'n kandidaat VIER subvrae beantwoord, maar een/twee/drie subvrae met irrelevante feite; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe.<br>Opsie 4: **Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S')**<br>Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een sub-vraag) van die vraag met irrelevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT vir sintese toe. | **2** |
| Oorspronklikheid | Is daar bewyse van een voorbeeld in enige TWEE van die vier subvrae, nie ouer as twee (2) jaar nie, wat op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings gebaseer is? | **2** |
| | **TOTAAL VIR INSIG:** | **8** |
| | **TOTALE PUNTE VIR FEITE:** | **32** |
| | **TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):** | **40** |

**LET WEL:**

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**

2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**

3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



15.3 Dui insig in die linkerkantse kantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/ of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien ALLE relevante feite/antwoorde na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir ELK van die vier onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, 'n – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

| INHOUD | PUNTE |
|---|---|
| Feite | **32 (Maks.)** |
| S | **2** |
| A | **2** |
| S | **2** |
| O | **2** |
| **TOTAAL** | **40** |

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/interpreteer, kry hy/sy steeds punte vir die uitleg.

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang van November 2015 sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Inflasie verwys na ‘n algemene styging in die prys van goedere en dienste oor ‘n tydperk √ wat lei tot ‘n afname in die waarde van geld.'√

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang van November 2017 sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1
1.1.1 C √√
1.1.2 B √√
1.1.3 D √√
1.1.4 A √√
1.1.5 C √√

(5 x 2) **(10)**

1.2
1.2.1 stigters √√
1.2.2 uitdeelstukke √√
1.2.3 beperkte √√
1.2.4 konflik √√
1.2.5 kulturele √√

(5 x 2) **(10)**

1.3
1.3.1 G √√
1.3.2 E √√
1.3.3 A √√
1.3.4 I √√
1.3.5 B √√

(5 x 2) **(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 1 | PUNTE |
|---|---|
| 1.1 | 10 |
| 1.2 | 10 |
| 1.3 | 10 |
| TOTAAL | 30 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

**Sien slegs die antwoorde op die EERSTE TWEE vrae na.**

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 **Tipes beleggingsgeleenthede**

- Gesamentlike fondse/Stokvel √
- Bestuurde portefeulje √
- Waagkapitaal √
- 32 dae-kennisgewing rekening √
- Skuldbriewe √
- Uitkeerpolisse/Aftree-annuïteite √

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.**

**(4 x 1) (4)**

2.2 **Voordele van 'n maatskappy in staatsbesit**

- Wins kan gebruik word om ander staatdepartemente te finansier. √√
- Bied noodsaaklike dienste aan wat moontlik nie deur die private sektor aangebied word nie. √√
- Pryse word redelik gehou/Skep gesonde mededinging om dienste vir meer burgers bekostigbaar te maak. √√
- Verkwistende duplisering van dienste word geëlimineer. √√
- Beplanning kan deur middel van sentrale beheer gekoördineer word. √√
- Genereer inkomste/Ontvang staatsfondse om maatskaplike programme te finansier. √√
- Werk word vir alle vaardigheidsvlakke geskep. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van of 'n maatskappy in staatsbesit.

**Maks (6)**

2.3 **Versekering**

2.3.1 **Versekeringkonsep vanuit die scenario**

Awerykousule √√ **(2)**

2.3.2 **Berekening van aweryklousule**

$$\frac{\text{Versekerde bedrag}}{\text{Markwaarde}} \times \frac{\text{Verlies/Skade}}{1} \checkmark$$

$$\frac{R200\ 000}{R400\ 000} \checkmark \times \frac{R80\ 000}{1} \checkmark$$

= R40 000 √√√√

**LET WEL:**
1. **Ken volpunte toe (4) as die antwoord korrek is en geen bewerkings getoon is nie.**
2. **As die formule en bewerkings korrek getoon is, maar die finale antwoord verkeerd is, ken 'n maksimum van DRIE (3) punte toe.**
3. **As die antwoord en bewerkinge verkeerd is, ken 'n maksimum van EEN punt vir die formule toe.**

**Maks (4)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4 **Aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word**

- Begin met die opskrif/teks √ wat die basis van die aanbieding vorm. √
- Kies die agtergrond √ om die teks te komplementeer/versterk. √
- Kies beelde √ wat kan help om die boodskap oor te dra. √
- Sluit in/Skep grafika √ om die inligting wat oorgedra word, te steun. √
- Voeg spesiale effekte/klank/prentjies/animasie by √ om dit vir die gehoor meer interessant te maak. √
- Skep hiperskakels √ om vinnige toegang tot ander lêers/dokumente/videogrepe toe te laat. √
- Gebruik leesbare font en fontgrootte √ sodat dit maklik is om te sien/lees. √
- Hou skyfies/beelde/grafieke/font eenvoudig √ deur nie te veel verskillende style/kleure te meng nie. √
- Maak seker dat daar geen taal- √ en spelfoute is nie. √
- Gebruik helder kleure √ om sigbaarheid te verhoog. √
- Struktureer inligting in 'n logiese volgorde √ sodat die gehoor die inhoud van die aanbieding maklik kan volg. √
- Beperk die inligting op elke skyfie √ deur sleutelwoorde en nie volsinne te gebruik nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word.

**Maks (6)**

2.5 **Leierskapsteorie**

2.5.1 **Leierskapsteorie vanuit die scenario**

Transformasie-/Oorgangsbestuurteorie √√ (2)

**Motivering**

Die bestuur van EA verskaf emosionele ondersteuning aan werknemers deur berading sodat hulle hulle idees meer vrylik kan deel. √ (1)

**LET WEL: Moenie punte vir die motivering toeken as die leierskapsteorie verkeerd geïdentifiseer is nie.**

**Maks (3)**

2.5.2 **Ander leierskapsteorie**

**Leiers en volgelinge** √√

- Spanne behaal baie goeie resultate/sit organisatories doelwitte uiteen wanneer daar 'n gevoel van begrip tussen die leier en die volgelinge/werknemers is. √
- Volgelinge luister na wat van hulle verwag word/volg die opdragte van die leier en is bereid om saam as 'n span aan die organisatoriese doelwitte te werk. √
- Volgelinge aanvaar/neem maklik verantwoordelikheid wanneer iets nie uitwerk nie/ teikens nie bereik word nie. √
- Leiers lei deur hul voorbeeld en beloon/verskaf aansporings vir positiewe gedrag. √
- Leiers motiveer werknemers om alternatiewe strategieë uit te dink/om kreatief en innoverend te wees /om meer doeltreffende maniere te vind om beskikbare hulpbronne te gebruik/produktiwiteit te verhoog. √
- Volgelinge kan dalk met moeite voortsleep/innovasie en kreatiwiteit smoor/deur van leiers en ander volgelinge afhanklik te wees om hulle deur die taak te trek. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die leiers-en-volgelinge-leierskapsteorie.

Teorie (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**OF**

**Situasionele teorie √√**

- Verskillende leierskapeienskappe/style is nodig vir verskillende situasies/ heersende omstandighede. √
- Die taak/situasie bepaal die leierskapstyl wat toegepas moet word, so leiers is aanpasbaar/buigbaar/selfversekerd. √
- Doeltreffende toepassing/aanneming van hierdie teorie stel leiers in staat om hulle eie/organisatoriese doelwitte te behaal. √
- Verhoudinge tussen leiers en werknemers is op wedersydse vertroue/respek/ lojaliteit/integriteit/eerlikheid gebaseer. √
- Leiers het die vermoë om die situasie te ontleed/die mees geskikste mense in die regte poste te kry om take suksesvol te voltooi. √
- Leiers ontleed groeplede/doelstellings/tydbeperkings om 'n geskikte/relevante leierskapstyl aan te neem. √
- Kan lei tot konflik wanneer leiers verskillende leierskapstyle gebruik/wanneer werknemers in verskillende situasies bestuur word. √
- Die sukses van hierdie teorie hang af van die tipe verhouding wat tussen die leier en volgelinge/ondergeskiktes/werknemers bestaan. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die situasionele leierskapsteorie.

Teorie (2)
Verduideliking (1)
Submaks (3)

**LET WEL: 1. Sien slegs die eerste EEN (1) na.**
**2. Moenie punte toeken vir transformasie-/oorgangsbestuur-teorie nie.**

**Maks (3)**

2.6 **Impak van outokratiese leierskapstyl op besighede**

**Positiewe/Voordele**

- Vinnige besluite kan geneem word √ sonder konsultasie/oorweging van volgelinge/werknemers. √
- Werk word betyds/op skedule gedoen √ want teikens word duidelik gespesifiseer. √
- Gesagslyn/kommunikasie is duidelik √ aangesien dit bo-na-onder is/volgelinge weet presies wat om te doen. √
- Direkte toesighouding/streng beheer √ verseker gehalte/-dienste. √
- Verskaf sterk leierskap wat nuwe werknemers √ selfversekerd/veilig laat voel. √
- Werk goed in groot maatskappye waar konsultasie √ met elke werknemer onprakties is. √
- Duidelike leiding word gegee √ aan laevaardigheid-/onervare/nuwe personeel. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van die outokratiese leierskapstyle op besighede.

**EN/OF**

**Negatiewe/Nadele**

- Leiers en volgelinge kan verdeeld raak soos spanning ontstaan √ en dalk nie oor maniere om probleme op te los, saamstem nie, √
- Werkers kan gedemotiveerd raak √ indien hulle opinies/idees nie in ag geneem word nie. √
- Gedemotiveerde werkers √ het 'n negatiewe impak op produktiwiteit. √
- Nuwe/Innoverende/Kreatiewe/Kosteverminderingsidees en oplossings √ word dalk nie gebruik/in ag geneem/geïmplementeer nie. √

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Volgelinge kan voel dat hulle nie gewaardeer word nie √ wat lei tot hoë afwesigheid/werknemeromset. √
- Ervare/Hoogs vaardige werkers kan dalk weerstand ervaar √ wat kan lei tot stadige groei/lae deelname/minder kreatiwiteit. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele of die outokratiese leierskap style op besighede.

**Maks (6)**

2.7 **Maniere waarop aanbieders op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse terugvoering kan hanteer**

- Die aanbieder moet dwarsdeur die terugvoeringsessie staan. √√
- Wees beleefd/selfversekerd/hoflik/kalm wanneer op vrae gereageer word. √√
- Maak seker dat elke vraag/kommentaar duidelik verstaan word voordat gereageer word/herformuleer vrae indien onseker. √√
- Die aanbieder moet eers luister en dan reageer. √√
- Gee terugvoering so gou as moontlik nadat die vraag gevra is of na die sessie. √√
- Wees direk/eerlik/opreg wanneer op vrae gereageer word. √√
- Gebruik eenvoudige taal om die voorbeelde in die aanbieding gebruik, te ondersteun. √√
- Hou antwoorde kort en tot die punt. √√
- Vra om verskoning/Erken foute indien deur die gehoor uitgewys word. √√
- Moedig vrae deur die gehoor aan. √√
- Spreek altyd die vraag aan en nie die persoon nie. √√
- Erken goeie vrae om die gehoor aan te moedig om meer vrae te vra. √√
- Die aanbieder moet nie in 'n debat betrokke raak nie wanneer op vrae gereageer word. √√
- Die aanbieder moet nie vrae vermy wanneer hy/sy nie die antwoord ken nie, maar moet eerder terugvoering daaroor belowe. √√
- Spreek die hele gehoor toe en nie net die persoon wat die vraag gestel het nie. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop aanbieders op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse terugvoering kan hanteer.

**Maks (6)**
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 2 | PUNTE |
|---|---|
| 2.1 | 4 |
| 2.2 | 6 |
| 2.3.1 | 2 |
| 2.3.2 | 4 |
| 2.4 | 6 |
| 2.5.1 | 3 |
| 2.5.2 | 3 |
| 2.6 | 6 |
| 2.7 | 6 |
| TOTAAL | 40 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE**

3.1 **Korporatiewe maatskaplike investering/KMI fokusareas**
- Gemeenskap √
- Landelike ontwikkeling √
- Werknemers √
- Omgewing √

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE na.**

**(2 x 1) (2)**

3.2 **Verantwoordelikhede van werkers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder**
- Gebruik voorgeskrewe veiligheidstoerusting. √√
- Rapporteer ongelukke aan die werkgewer teen die einde van die skof. √√
- Rapporteer onveilige/ongesonde werkstoestande aan die relevante owerhede/ bestuur. √√
- Lig die werkgewer in oor enige siekte wat werkvermoë kan affekteer. √√
- Sorg vir hul eie gesondheid en veiligheid in die werkplek omsien. √√
- Werk saam en kom die reëls en prosedures na, soos die dra van voorgeskrewe veiligheidsklere. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verantwoordelikhede van werkers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.

**Maks (6)**

3.3 **Hantering van misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele besigheidspraktyk**

3.3.1 **Maniere van misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele besigheids-praktyk vanuit die scenario**
- Hulle monitor hulle werknemers uurliks om te verseker dat take betyds voltooi word. √
- TM versterk ook die spangees onder die werknemers sodat hulle verantwoordelik voel vir dit wat bereik moet word. √

**LET WEL: 1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
**2. Ken slegs punte aan antwoorde toe wat uit die scenario aangehaal is.**

**(2 x 1) (2)**

3.3.2 **Ander maniere waarop TM/'n besigheid die misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele besigheidspraktyk in die werkplek kan hanteer**
- Praat direk met daardie werknemers √ wat werkstyd misbruik. √
- Maak werknemers daarvan bewus dat winste sal afneem √ wat tot minder aansporings/bonusuitbetalings sal lei. √
- Die gedragskode/etiek moet duidelike reëls √ oor misbruik van werkstyd bevat. √
- TM/'n Besigheid moet opleiding verskaf √ oor die inhoud van die gedragskode/etiek. √
- Die gedragskode/etiek moet deur alle werknemers onderteken word √ sodat hulle van die inhoud daarvan bewus is. √
- Struktureer werksure √ op so 'n wyse dat werknemers vrye/buigbare tyd vir persoonlike sake het. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ander maniere waarop TM/ 'n besigheid die misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele besigheidspraktyk in die werkplek kan hanteer.

**LET WEL: Moenie punte toeken vir antwoorde wat in VRAAG 3.3.1 aangehaal is nie.**

**Maks (4)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 **Maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder**

- Beklemtoon die belangrikheid van kreatiewe denke om te verseker dat al die personeellede weet dat bestuur hulle idees wil hoor. √√
- Maak tyd vir dinkskrumsessies om nuwe idees te genereer soos gereelde werkwinkels/bou op mekaar se idees. √√
- Plaas voorstelhouers in die werkplek en hou kommunikasiekanale oop vir nuwe idees. √√
- Lei personeel in innoverende tegnieke/kreatiewe probleemoplossings-vaardighede/breinkaarte/laterale denke op. √√
- Moedig die uitruil van poste in die organisasie aan/Bestudeer hoe ander besighede dinge doen. √√
- Moedig werknemers aan om nuwe/unieke ideas te ontwikkel/na vore te kom met alternatiewe maniere om te werk/dinge te doen. √√
- Beloon kreatiwiteit deur beloningskemas vir werknemers/Stel aansporings bekend vir personeellede wat nuttige kreatiewe idees uitdink. √√
- Reageer entoesiasties op alle idees en moet nooit iemand minder belangrik laat voel nie. √√
- Maak die werksomgewing bevorderlik vir kreatiwiteit/vry van afleidings/hoë geraasvlakke. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.

**Maks (6)**

3.5 **Beoordeling van spanprestasie**

3.5.1 **Stadiums van spanontwikkeling vanuit die scenario**

Werksverrigting √√ **(2)**

3.5.2 **Belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie**

- Spandinamika-teorieë verduidelik √ hoe effektief spanne werk/bedryf word. √
- Besighede is in staat om take toe te wys √ volgens die rolle van die spanlede. √
- Spanlede kan prestasie optimaliseer/maksimaliseer √ omdat take volgens hulle vermoëns/vaardighede/eienskappe/persoonlikhede toegeken word. √
- Spanlede met soortgelyke sterk punte kan vir spantake/-verantwoordelikhede meeding √ wat die beste by hul vermoëns/vaardighede pas. √
- Teorieë help spanleiers om die persoonlikheidstipes van spanlede te verstaan √ sodat take meer effektief toegewys word. √
- Konflik kan verminder word √ wanneer spanlede verskillende rolle uitvoer. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie.

**Maks (6)**

3.6 **Hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer**

- Erken dat daar konflik √ tussen werkgewers/werknemers/partye in die werkplek is. √
- Identifiseer die oorsaak van die konflik √ om duidelikheid oor die aard daarvan te kry. √
- Reël tyd en plek vir onderhandelinge √ waar al die betrokke werknemers teenwoordig is. √
- Reël 'n vergadering √ tussen botsende werkgewers en werknemers. √
- Maak bedoelings/doel vir die ingryping/vergadering duidelik √ sodat partye betrokke gemaklik sal voel. √

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Reël 'n vooraf onderhandelingsvergadering √ waar werkers/klaers toegelaat sal word om hulle sake/standpunte apart te stel. √
- Elke party het die geleentheid √ om sy/haar eie menings/gevoelens uit te druk. √
- Botsende/Konflikterende partye kan tydens die vergadering erken √ dat hulle standpunte verskillend is. √
- Ontleed/Analiseer die oorsaak(oorsake) van konflik √ deur dit in verskillende dele op te breek. √
- Evalueer die standpunte wat uitgespreek word en neem ‘n objektiewe besluit.
- Blaamverskuiwing moet vermy word √ en 'n gesamentlike poging moet aangewend word. √
- Lei konflikterende partye √ na die vind van/fokus op oplossings. √
- Bedink/Dinkskrum die moontlike maniere √ om die konflik op te los. √
- Botsende/Konflikterende partye moet saamstem oor kriteria √ om alternatiewe te evalueer. √
- Kies/Implementeer die beste oplossing √ wat die konflik sal kan hanteer. √
- Verskaf geleenthede vir partye √ om oor die beste oplossing(s) saam te stem. √
- Evalueer/Volg op oor die implementering √ van die oplossing(s). √
- Monitor vordering √ om te verseker dat die konflik opgelos is. √
- Kry deskundiges oor konflikhantering √ van buite die besigheid. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer.

**Maks (6)**

3.7 **Hantering van geslag as 'n diversiteitskwessie in die werkplek**

- Mans en vroue moet gelyke indiensnemingsgeleenthede aangebied word. √√
- Besigheidsdirekteure moet beide mans en vroue na bestuursposte bevorder. √√
- Indiensneming van vroue moet voldoen aan die WGI. √√
- Teikens moet vir geslagsgelykheid in die besigheid gestel word. √√
- Nuwe aanstellings moet op vaardighede en vermoëns gebaseer wees. √√
- Stel regstellende aksie in deur te verseker dat alle mans en vroue regverdig/gelyk vergoed word. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede geslag as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer.

**Maks (6)**
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 3 | PUNTE |
|---|---|
| 3.1 | 2 |
| 3.2 | 6 |
| 3.3.1 | 2 |
| 3.3.2 | 4 |
| 3.4 | 6 |
| 3.5.1 | 2 |
| 3.5.2 | 6 |
| 3.6 | 6 |
| 3.7 | 6 |
| TOTAAL | 40 |


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

4.1 **Soorte verpligte versekering**
- Werkloosheidsversekeringsfonds/WVF √
- Padongelukkefonds/POF/Padongelukke-voordeleskema/POVS √
- Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektesfonds/WVBBS √

**LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**

**(2 x 1) (2)**

4.2 **Voordele of versekering**
- Dra die risiko van besighede/versekerde oor na versekeringsmaatskappye/'n versekeraar. √√
- Oordragrisiko is onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die versekeringskontrak. √√
- Beskerm besighede teen diefstal/verlies van voorraad en/of skade veroorsaak deur natuurrampe soos vloede/stormskade. √√
- Besighede sal vergoed word vir versekerbare verliese, soos die vernietiging van eiendom deur brande. √√
- Besigheid se bates soos voertuie/toerusting/geboue moet verseker word teen skade en/of diefstal. √√
- Besighede word beskerm teen die verlies aan inkomste, soos stakings deur werknemers wat verliese wat miljoene werd is, tot gevolg kan hê. √√
- Beskerm besighede teen oneerlike werknemers. √√
- Lewensversekering kan op die lewens van vennote in 'n vennootskap geneem word om onverwagte verlies aan kapitaal te voorkom. √√
- Sou die dienste van sleutelpersoneel verlore gaan as gevolg van ongelukke/sterftes, kan die opbrengs van 'n versekeringspolis aan die besigheid/ begunstigdes uitbetaal word. √√
- Vervangingskoste vir beskadigde masjinerie/toerusting is baie hoog daarom kan versekering sulke koste verminder/dek. √√
- Beskerm besighede teen eise gemaak deur die publiek vir skade waarvoor besighede verantwoordelik is. √√
- Beskerm besighede teen verliese as gevolg van die dood van 'n debiteur. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van versekering vir besighede.

**Maks (6)**

4.3 **Aanbieding en datarespons**

4.3.1 **Visuele hulpmiddele vanuit die scenario**
- PowerPoint √
- Blaaiborde √

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Kan slegs punte toe vir visuele hulpmiddele wat in die scenario genoem is.**

**(2 x 1) (2)**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3.2 **Areas van verbetering vir die volgende aanbieding**

- Die aanbieder moet die doelwitte wat nie behaal is nie, hersien. √√
- Gebruik humor op 'n toepaslike wyse. √√
- Wees altyd bereid om die inligting by te werk/relevant te hou. √√
- Besin oor enige probleem/kritiek en vermy dit in toekomstige aanbiedings. √√
- Besin oor die tyd/lengte van die aanbieding om meer inhoud by te voeg/te verwyder. √√
- Besin oor die logiese vloei van die formaat/skyfies/toepassing van visuele hulpmiddels. √√
- Vermeerder/Verminder die gebruik van visuele hulpmiddels/vervang of verwyder hulpmiddels wat nie goed werk nie. √√
- Inligting wat die aanbieder as terugvoering van 'n aanbieding ontvang, moet ontleed word en waar relevant geïnkorporeer word/gebruik om sy/haar aanbieding op te dateer/te wysig. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die areas van verbetering wat die bestuur in ag moet neem vir hulle volgende aanbieding.

**Maks (4)**

4.4 **Bydra van kapitaal tot die sukses en/of mislukking van 'n private maatskappy**

| | **SUKSESFAKTORE** | **EN/OF MISLUKKINGSFAKTORE** |
|---|---|---|
| **Kapitaal** | - Groot bedrag kapitaal kan ingesamel word √ aangesien daar geen beperking op die aantal aandeelhouers is nie. √ | - Dit kan nie in 'n baie groot besigheid groei nie √ aangesien dit nie die publiek kan nooi om aandele te koop nie. √ |
| | - Die maatskappy kan toegang verkry tot langtermynkapitaal √ en het daarom goeie langtermyn-groeigeleenthede. √ | - Beperkings op die oordraagbaarheid van aandele √ kan moontlik nie finansieel sterk beleggers lok nie. √ |
| | - Alhoewel aandele nie vrylik oordraagbaar is nie, √ kan groot private maatskappye 'n aansienlike bedrag kapitaal bymekaar maak. √ | - Groot bedrag kapitaal kan nie verkry word nie √ want kapitaalbydrae slegs tot private aandeelhouers beperk is. √ |
| | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydra van kapitaal tot die sukses van 'n private maatskappy. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die bydra van kapitaal tot die mislukking van 'n private maatskappy. |

**LET WEL:**
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Sien óf sukses EN/OF mislukking na.**

**Maks (6)**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 **Probleemoplossingstappe**

- Identifiseer die probleem. √
- Definieer die probleem. √
- Identifiseer moontlike oplossings/alternatiewe vir die probleem. √
- Evalueer alternatiewe oplossings. √
- Kies/Selekteer die mees toepaslike alternatief/oplossing. √
- Ontwikkel 'n aksieplan. √
- Implementeer die voorgestelde oplossing/aksieplan. √
- Monitor die implementering van die oplossing/aksieplan. √
- Evalueer die geïmplementeerde oplossing/aksieplan. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die probleemoplossing-stappe.

**LET WEL:** **1. Sien slegs die eerste VIER (4) na.**
**2. Aanvaar stappe in enige volgorde.**

**(4 x 1) (4)**

4.6 **Maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te verbeter**

- Betaal regverdige lone/salarisse aan die werkers √ gebaseer op die aard van hulle werk/heersende ekonomiese toestande op die mark. √
- Voorsien vervoer aan werknemers √ wat ongewone lang ure werk. √
- Betaal bonusse gebaseer op besigheidsinkomste, √ as erkenning vir harde werk en toewyding. √
- Werkstoestande moet insluit √ veiligheid/medies/kantiengeriewe/voordele soos behuising/verlof/aftrede. √
- Voorsien vir werknemers se deelname aan √ besluitneming wat hulle affekteer. √
- Voorsien werknemers van ontspanningsgeriewe √ om te sosialiseer en werksverhoudinge te versterk. √
- Bied jaarlikse fisiese/mediese assesserings aan werkers √ om gesondheidheidsbewustheid te bevorder. √
- Moedig werknemers aan om fiks en gesond te bly √ deur hulle by gesondheid-aktiwiteite te betrek om stres/dwelmmisbruik/obesiteit te verminder. √
- Maak trauma-ondervraging/berading/terapie beskikbaar √ vir enige werknemer wat hierdie dienste benodig. √
- Bied finansiële hulp aan √ in die geval van enige teëspoed wat deur onverwagte mediese koste veroorsaak is. √
- Laat buigsame werksure toe √ om produktiwiteit te versterk. √
- Bied ondersteuningsprogramme vir werknemers aan √ wat met MIV/Vigs besmet/aangetas is. √
- Stel kindersorggeriewe op die terrein beskikbaar √ vir werkende moeders in die besigheid. √
- Begin 'n voedingsprogram √ sodat werknemers een maaltyd per dag kan geniet om hulle in ‘n gesonde toestand te hou. √
- Gee tyd aan die personeel √ om by projekte wat hulle kies, betrokke te raak √ /Laat personeel toe om 'n paar werksure te gebruik √ om aan projekte van hulle keuse deel te neem. √
- Vestig afrigting- en mentorprogramme √ vir junior werknemers. √
- Hou spanbousessies √ om werknemers se moraal te verbeter. √


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Moedig werknemers aan √ om kapasiteitsbou-werkswinkels/opleidings-/personeelontwikkelings-/spanontwikkelingprogramme by te woon. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te verbeter.

**Maks (6)**

4.7 **Menseregte in die scenario**

| MENSEREGTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. Waardigheid √√ | Hulle behandel alle werknemers met respek ongeag hulle sosio-ekonomiese status. √ |
| 2. Vryheid van spraak en uitdrukking √√ | Die bestuur van BH moedig oop kommunikasiekanale tussen hulle en werknemers aan. √ |
| Submaks (4) | Submaks (2) |

**LET WEL:**
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
3. **Ken punte toe vir die menseregte selfs al is die aanhalings onvolledig.**
4. **Moenie punte toeken vir die motiverings as die menseregte verkeerd geïdentifiseer is nie.**

**Maks (6)**

4.8 **Maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk deur besighede uitgevoer moet word**

- Missiestellings moet die waardes van gelykheid/respek insluit. √√
- Besighede moet gelykheidsprogramme ontwikkel/strategieë bevorder om te verseker dat alle werknemersgelyk behandel word ongeag status/rang/mag. √√
- Behandel werkers met respek/waardigheid deur werk goed gedoen/die waarde van menslike kapitaal, te erken. √√
- Beplan behoorlik en stel voorkomende maatreëls in. √√
- Betaal regverdige lone/salarisse wat in lyn is met die minimum vereistes van die WBDV/Vergoed werknemers vir oortyd/tydens openbare vakansiedae gewerk. √√
- Raak betrokke by omgewingsbewustheidprogramme/Weerhou jou om nie die omgewing te besoedel nie soos om giftige afval wettig weg te gooi. √√
- Weerhou jou om ‘n onderneming te begin deur ander besighede se idees te gebruik, wat deur die Wet beskerm word. √√
- Besigheidsbesluite en optredes moet vir alle belanghebbendes duidelik/deursigtig wees. √√
- Besighede moet aanspreeklik/verantwoordelik vir hulle eie besluite en optrede wees/patentregte. √√
- Huur eerlike/betroubare rekenmeesters/finansiële beamptes met goeie getuigskrifte. √√
- Gereelde/Tydige betaling van belasting. √√
- Alle werkers moet toegang tot gelyke geleenthede/poste/bronne hê. √√
- Verseker dat werknemers in 'n werksomgewing werk wat bydra tot veiligheid/regverdigheid/vry van verleentheid is. √√
- Werkgewers en werknemers moet aan wetgewing voldoen met betrekking tot gelyke geleenthede/menseregte in die werkplek. √√
- Opleiding/Inligting/Besigheidsbeleide moet kwessies soos diversiteit/ diskriminasie/ teistering insluit. √√

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Werkgewers moet vinnig en regverdig reageer op gerapporteerde voorvalle van diskriminasie in die werkplek. √√
- Bevele/Take moet met respek uitgegee word en die ontvanger/werknemer toelaat om 'n sê hê oor die wyse/manier waarop die taak uitgevoer moet word. √√
- Stel 'n etiese/gedragskode op. √√
- Deurlopende ontwikkeling en opleiding vir alle werknemers. √√
- Prestasiebestuurstelsels/-beoordelings moet in plek wees. √√
- Voldoende interne beheer/monitering/evaluering. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk deur besighede uitgevoer moet word.

**Maks (4)**
**[40]**

**UITEENSETTING VAN PUNTE**

| VRAAG 4 | PUNTE |
|---|---|
| 4.1 | 2 |
| 4.2 | 6 |
| 4.3.1 | 2 |
| 4.3.2 | 4 |
| 4.4 | 6 |
| 4.5 | 4 |
| 4.6 | 6 |
| 4.7 | 6 |
| 4.8 | 4 |
| TOTAAL | 40 |

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

**Sien slegs die antwoorde van die EERSTE vraag na.**

## VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

### 5.1 Inleiding

- Die JSE dien as 'n finansiële mark wat die aktiwiteite van die handel van sekuriteite op 'n ordelike wyse reguleer. √
- Deeglike kennis van die faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingbesluite geneem moet word, stel beleggers in staat om beter opbrengste op beleggings te ontvang. √
- Effektetrusts is 'n gewilde vorm van belegging aangesien beleggers uit laer inkomstegroepe die minimum bydraes kan bekostig wat benodig word. √
- Beleggers moet navorsing doen oor die opbrengste op beleggings deur die verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente te vergelyk. √
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met die funksies van die JSE/faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word/impak van effektetrusts as 'n beleggingsvorm/verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente.

**Enige (2 x 1) (2)**

### 5.2 Funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JSE

- Gee geleenthede aan finansiële instellings soos versekeringsmaatskappye wat hul surplusfondse in aandele belê. √√
- Dien as 'n barometer/aanwyser vir ekonomiese toestande in Suid-Afrika. √√
- Hou beleggers ingelig deur aandeelpryse daagliks te publiseer. √√
- Dien as 'n skakel tussen beleggers en publieke maatskappye. √√
- Aandele word deur deskundiges gewaardeer en geëvalueer. √√
- Klein beleggers word genooi om deel te neem aan die ekonomie van die land deur die koop/verkoop van aandele. √√
- Waagkapitaalmark word op die ope mark beskikbaar gestel. √√
- Streng beleggingsreëls verseker 'n gedissiplineerde/ordelike mark vir sekuriteite. √√
- Verkry primêre kapitaal deur nuwe beleggings in genoteerde maatskappye aan te moedig. √√
- Mobiliseer die fondse van versekeringsmaatskappye en ander instellings. √√
- Reguleer markte vir verhandeling in aandele. √√
- Beplan, doen navorsing en gee advies oor beleggingsmoontlikhede. √√
- Verseker dat die mark op 'n deursigtige manier bedryf word. √√
- Bied beskerming aan beleggers deur streng reëls en regulasies toe te pas. √√
- Moedig korttermynbeleggings aan omdat aandele enige tyd verkoop kan word. √√
- Fasiliteer elektroniese verhandeling van aandele/STRATE. √√/Kanaliseer finansiële hulpbronne na produktiewe ekonomiese aktiwiteite. √√
- Bevorder werkskepping en verhoog ekonomiese groei/ontwikkeling. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die funksies van die JSE.

**Maks (10)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 **Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word**

5.3.1 **Opbrengs op Belegging/OB** √√

- Verwys na die inkomste uit die belegging, √ naamlik rente/dividende/verhoogde kapitaalgroei op die oorspronklike bedrag belê. √
- Hoë-/Laerisikobeleggings √ lewer hoër/laer opbrengste. √
- Die opbrengs moet uitgedruk word as 'n netto nabelastingwins √ op die belegging.√
- Oor die algemeen, is daar 'n direkte skakel √ tussen die risiko en die opbrengs. √
- Opbrengste kan in die vorm van kapitaalwins wees √ waar die bate mettertyd in waarde styg. √
- Die opbrengs op belegging na aftrekking van belasting, √ moet hoër wees as die algemene styging in die aanvanklike koste van belegging. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met opbrengs op belegging/OB as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

5.3.2 **Risiko** √√

- Verwys na die moontlikheid dat die bedrag belê in waarde kan verminderl/oor 'n tydperk verloor kan word, √ as gevolg van onvoorsiene omstandighede. √
- Hoe hoër/laer die potensiële opbrengs, √ hoe hoër/laer die risiko van 'n potensiële verlies. √
- Om in aandele te belê, is 'n hoër risiko √ as om 'n vaste deposito te belê. √
- Aandele het lae/medium risiko √ oor 'n langer beleggingstydperk. √
- Aandele met hoër risiko's √ het 'n groter potensiaal vir hoër opbrengste. √
- Gewone aandele het die hoogste risiko √ want die belegger kan die volle/deel van die belegging verloor wanneer die maatskappy ontbind/bankrot/gelikwideer word. √
- Voorkeuraandeelhouers se risiko is laer, √ want hulle het voorkeureise op die bates van die gelikwideerde maatskappy/kan 'n mate van vergoeding voor gewone aandeelhouers ontvang. √
- Aandeelpryse word verbind met faktore wat beleggers nie altyd kan beheer nie, √ soos ekonomiese voorwaardes/bedryfsukses van die maatskappy. √
- Aandeelpryse is onbestendig/onstabiel/onvoorspelbaar/kan binne ure skerp styg/daal √ wat tot die onsekerheid van die waarde van 'n belegging in aandele op kort termyn kan bydra. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met risiko as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3.3 **Beleggingstermyn/periode** √√

- Dit verwys na die duur van die belegging √ wat die opbrengs van belegging kan beïnvloed. √
- Die beleggingsperiode kan kort/medium/lang termyn wees √ afhangend van die aard van 'n beleggingsopsie. √
- Die beleggingsperiode sal afhang √ van 'n belegger se persoonlike behoeftes/ doelwitte. √
- Hoe langer die beleggingsperiode √ hoe hoër die opbrengste. √
- Korttermynbeleggings stel beleggers in staat om toegang √ tot hulle geld in 'n kort periode te kry indien nodig. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met beleggingtermyn/periode as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

5.3.4 **Inflasiekoers** √√

- Verwys na ‘n algemene styging in die prys van goedere/dienste oor ‘n tydperk √ wat lei tot ‘n afname in die waarde van geld.'√
- Beleggers/Mense word deur 'n hoë inflasiekoers beïnvloed, √ want hulle geld/koopkrag verminder/neem af. √
- Die opbrengs op belegging moet hoër wees √ as die inflasiekoers. √
- Inflasie het 'n positiewe effek op sommige beleggings √ soos eiendom/aandele waar die inkomste sal styg soos wat inflasie styg. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met inflasiekoers as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

5.3.5 **Belasting** √√

- Verwys na 'n verpligte betaling √ deur burgers gemaak aan die regering. √
- 'n Goeie belegging √ sal goeie nabelastingopbrengste oplewer. √
- Inkomstebelastingimplikasies moet in ag geneem word √ om 'n hoë netto nabelastingopbrengs te verseker. √
- Belastingkoerse is nie noodwendig dieselfde √ vir verskillende beleggings nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met belasting as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

5.3.6 **Likiditeit** √√

- Verwys na die gemak en spoed √ waarmee beleggers 'n belegging in kontant kan omskakel, te beskryf. √
- 'n Bedrag kan in 'n tipe belegging belê word √ wat maklik na kontant omgeskakel kan word/wat meer likied is. √
- 'n Belegging in 'n spaarrekening/effektetrust sal makliker in kontant omgeskakel word √ as 'n belegging in 'n vaste deposito wat gewoonlik vir 'n vaste tydperk gedeponeer word. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met likiditeit as 'n faktor wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.

Faktor(2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

**LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.** **Maks (16)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.4 **Impak van effektetrusts as 'n beleggingsvorm**
**Positiewe/Voordele**
- Bestuur deur 'n fondsbestuurder √ wat aandele op die aandelemark/JSE koop. √
- Maklik om vir kontant om te ruil aangesien daar geen boetes is vir ontrekkings √ wanneer 'n belegger al sy geld of ’n gedeelte daarvan nodig het nie. √
- 'n Klein bedrag √ kan per maand belê word. √
- Klop gewoonlik inflasie √ op medium/lang termyn. √
- Veilige belegging, √ want dit word volgens reëls en regulasies bestuur. √
- Die belegger het 'n verskeidenheid/omvattende reeks aandele om van te kies √ van laer na hoër grade van risiko. √
- Maklik om in te belê, √ aangesien beleggers bloot 'n paar relevante vorms voltooi aanlyn belê. √
- Skommelinge in effektetrust opbrengskoerse is dikwels nie so erg nie √ as gevolg van diversiteit van die beleggingsfonds. √
- Bied mededingende opbrengste √ in die vorm van kapitaalgroei en dividendverspreiding. √
- Fondsbestuurders is kundig/deskundiges/betroubaar/geloofwaardig √ aangesien hulle geakkrediteer moet word om effektetrust te verkoop. √
- Verminder die potensiële risiko √ wat meer mense toelaat om in die fonds te belê. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/ voordele van effektebeurse as 'n beleggingsvorm.

**EN/OF**

**Negatiewe/Nadele**
- Aandeelpryse kan wissel √ as gevolg van onbestendigheid van die mark. √
- Effektetrusts is nie geskik vir mense wat vir 'n kort tydperk √ wil belê nie. √
- Dit is nie 'n goeie opsie vir mense wat risiko's wil vermy √ ten alle koste nie. √
- Effektetrusts word nie toegelaat om te leen nie, √ daarom verminder dit potensiële opbrengste. √
- Indien ‘blue-chip’-/topmaatskappye nie op hulle groeipad voortgaan nie, √ sal die groei van effektetrusts ook beïnvloed word/sal dit nie die verwagte opbrengste lewer nie. √
- Bodpryse is gewoonlik hoër as die insetpryse, √ wat die belegging minder likied maak. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van effektetrusts as 'n beleggingsvorm.

**Maks (12)**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.5 **Verskille tussen enkelvoudige rente en saamgestelde rente**

| ENKELVOUDIGE RENTE | SAAMGESTELDE RENTE |
|---|---|
| - Rente verdien op die oorspronklike bedrag en nie op die opgelope rente nie. √√ | - Rente verdien op die oorspronklike bedrag belê, asook rente verdien in vorige periode(s). √√ |
| - Die hoofsom bly dieselfde vir die hele beleggingstermyn. √√ | - Die hoofsom groei met die byvoeg van rente daarby. √√ |
| - Die rente word apart gehou behalwe as dit herbelê word. √√ | - Rente word bereken op die hoër hoofsom en weer daarby gevoeg. √√ |
| - Lewer minder opbrengs op belegging. √√ | - Lewer hoër opbrengs op belegging. √√ |
| - Totale bedrag rente verdien op belegging is minder. √√ | - Totale bedrag rente verdien op belegging is hoog. √√ |
| - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met enkelvoudige rente. | - Enige ander relevante antwoord wat verband hou met saamgestelde rente. |
| Submaks (4) | Submaks (4) |

**LET WEL:**
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskille hoef nie aan mekaar verwant te wees nie, maar moet duidelik wees.**
3. **Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe as die verskille nie duidelik is nie/Sien slegs enkelvoudige rente of saamgestelde rente na.**

**Maks (8)**

5.6 **Gevolgtrekking**
- JSE skep geleenthede vir die algemene publiek om aan die ekonomie van die land deel te neem. √√
- Om 'n beleggingsgeleentheid te kies moet gebaseer wees op navorsingsbevindings wat verkry is deur besluite oor verskillende faktore te neem. √√
- Om in effektetrusts te belê, moedig klein beleggers aan om in hierdie vorm van belegging te belê as gevolg van die likiditeit daarvan. √√
- 'n Beter begrip van hoe enkelvoudige en saamgestelde rente bereken word, sal 'n belegger in staat stel om geskikte en toepaslike beleggingsopsies te kies. √√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met die funksies van die JSE/faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word/impak van effektetrusts as 'n beleggingsvorm/verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente.

**Enige (1 x 2) (2)**
**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING**

| BESONDERHEDE | MAKSIMUM | TOTAAL |
|---|---|---|
| Inleiding | **2** | **Maks 32** |
| Funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs/JSE | **10** | |
| Faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word | **16** | |
| Impak van effektetrusts as 'n beleggingsvorm | **12** | |
| Verskille tussen enkelvoudige en saamgestelde rente | **8** | |
| Gevolgtrekking | **2** | |
| **INSIG** | | |
| Struktuur/Uitleg | **2** | **8** |
| Analise/Interpretasie | **2** | |
| Sintese | **2** | |
| Oorspronklikheid/Voorbeelde | **2** | |
| **TOTALE PUNTE** | | **40** |

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID EN KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID/ KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE INVESTERING)**

6.1 **Inleiding**

- KMI is wanneer 'n besigheid geld, bronne en tyd aan 'n spesifieke projek toewys wat die lewens van mense sal verbeter. √
- Dit is die verantwoordelikheid van die besigheid om te verseker dat die gewenste doelwitte van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) na die korrekte lede van die gemeenskap deurfilter. √
- Drievoudige sleutelaspekte verwag van besighede om hulle toe te wy om hulle maatskaplike en omgewingsimpak te meet bo en behalwe finansiële prestasie. √
- Besighede het die verantwoordelikheid om werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie aan te pak om die risiko van verlaagde/afnemende verkope te vermy. √
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met die doel van KMI/impak van KMV op gemeenskappe/verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte/maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer.

**Enige (2 x 1) (2)**

6.2 **Doel van korporatiewe maatskaplike investering/KMI**

- KMI het ten doel om tot volhoubare groei/ontwikkeling van hulle onmiddellike gemeenskappe/nuwe nie-winsgewende/liefdadigheidsorganisasies by te dra. √√
- KMI is deur wetgewing afdwingbaar en die regering vereis dat ondernemings KMI-bydraes moet maak. √√
- KMI-projekte speel 'n positiewe rol in die ontwikkeling van gemeenskappe. √√
- KMI onthul 'n besigheid se houding teenoor die gemeenskap waarin dit bedryf word. √√
- KMI-projekte is langtermynbeleggings. √√
- Dit is relevant tot die Suid-Afrikaanse konteks waar sosio-ekonomiese opheffing so 'n prioriteit is. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van KMI.

**Maks (8)**

6.3 **Impak of korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid/KMV op gemeenskappe**
**Positiewe/Voordele**

- Gemeenskapsvaardighede kan verbeter word √ deur die voorsiening van beurse. √
- Beter opvoedkundige geriewe word gevestig √ in arm gemeenskappe. √
- Die lewenstandaard van die gemeenskap √ word opgehef. √ /Lewensgehalte van gemeenskappe √ word verbeter. √
- Om in mediese infrastruktuur te belê, √ sal die gesondheid van gemeenskappe verbeter. √
- Sosio-ekonomiese kwessies word aangespreek √ wat die welstand van die gemeenskap sal verbeter. √
- Opleidingsgeleenthede in die gemeenskap √ verhoog die moontlikheid van aanstellings van lede van die gemeenskap. √
- Implementering van ontwikkelingsprogramme in die gemeenskap √ verbeter entrepreneursvaardighede van gemeenskappe. √/Besighede raak meer gemeenskapgebaseerd deur nou met die gemeenskap saam te werk√ om vaardigheidsontwikkelingsprojekte uit te voer. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van KMV op gemeenskappe.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**EN/OF**

**Negatiewes/Nadele**

- Besighede is nie altyd toegerus √ om maatskaplike probleme aan te spreek nie. √
- Gemeenskappe is geneig om afhanklik te wees van KMV-programme √ en sukkel om hulle eie inisiatiewe te onderneem. √
- Gemeenskappe kan moontlik nie infrastruktuur wat deur KMV-projekte verskaf is, in stand hou nie √ as gevolg van 'n tekort aan finansiële bronne. √
- Verspreiding van skaars bronne aan geselekteerde begunstigdes in die gemeenskap √ kan probleme soos diskriminasie veroorsaak. √
- Sommige besighede neem slegs aan KMV-inisiatiewe deel om wins te vergroot √ en hulle gee nie regtig om vir die gemeenskap waar hulle bedryf word nie. √
- Besighede kan nie voldoen √ aan die langtermynbehoeftes van die samelewing nie. √/Besighede kan nie volhoubare KMV-programme √ lewer nie. √
- Die voordele van die programme filter nie deur √ na die bedoelde mense in die gemeenskap nie. √
- Spandering van geld op KMV-programme beteken die besigheid moet uitgawes herwin deur hoër pryse √ wat 'n negatiewe impak op die ekonomie het. √
- Besighede neig om te fokus op KMV-projekte √ wat nie die gemeenskap direk bevoordeel nie. √
- Verbruikers word nie maklik oortuig √ dat die besigheid in die beste belang van die gemeenskap/omgewing optree nie. √
- Minder geld is beskikbaar vir gemeenskapsprojekte √ tydens ongunstige ekonomiese toestande. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van KMV op gemeenskappe.

**Maks (16)**

6.4 **Verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte**

**Wins/Ekonomiese** √√

- Drievoudige sleutelaspek beteken dat besighede nie net op wins/hoë pryse vra moet fokus nie, √ maar ook in KMI-projekte moet belê. √
- Besighede moet nie 'n wins √ ten koste van die gemeenskap maak nie. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en wins/ekonomie as 'n drievoudige sleutelaspek-element.

Element (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

**Mense/Maatskaplike** √√

- Sakebedrywighede moet nie mense/werknemers/klante/uitbuit √ wat 'n negatiewe impak/nadeel op die gemeenskap kan hê nie. √
- Besighede moet betrokke raak/belê in volhoubare gemeenskapsprogramme/-projekte √ wat gemeenskappe sal bevoordeel/ophef. √
- Verbeter die lewenstyl/lewensgehalte √ van hulle menslike bronne/werknemers. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en mense/maatskaplike as 'n drievoudige sleutelaspek-element.

Element (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Planeet/Omgewing** √√
- Besighede moet nie bronne uitput/die omgewing beskadig √ vir produksie/winsdoeleindes nie. √
- Hulle kan energiedoeltreffende/ekovriendelike produkte/produksiemetodes √ ondersteun. √
- Herwin/hergebruik afval, √ soos verpakking van herwinde materiaal. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en die planeet/omgewing as 'n drievoudige sleutelaspek-element.

Element (2)
Verduideliking (2)
Submaks (4)
**Maks (12)**

6.5 **Maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer**
- Verskaf vaardigheidsontwikkelingsprogramme deur leerlingskappe. √√
- Bied beurse aan die gemeenskap om die vlak van onderwys te verbeter. √√
- Skep werk vir lede van die gemeenskap. √√
- Voorsien entrepreneursprogramme wat self-indiensneming kan bevorder. √√
- Ondersteun bestaande klein besighede om meer indiensnemingsgeleenthede te skep. √√
- Gebruik lede van die gemeenskap vir die implementering van KMI-projekte in die gemeenskap. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer.

**Maks (10)**

6.6 **Gevolgtrekking**
- Korporatiewe maatskaplike investeringsprojekte het 'n sterk ontwikkelingsbenadering en gebruik maatskappybronne om gemeenskappe te bevoordeel en op te hef. √√
- Besighede moet ook die uitdagings en probleme van KMV in ag neem, voordat daar besluit word hoe om in die gemeenskap betrokke te wees. √√
- Besighede wat 'n gesonde verhouding het tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspek bly op lang termyn volhoubaar. √
- Besighede wat werkloosheid kan hanteer, word winsgewend want die gemeenskappe kan bekostig om vir goedere en dienste te betaal. √√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met die doel van KMI/impak van KMV op gemeenskappe/verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte/maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer.

**Enige (1 x 2) (2)**
**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING**

| BESONDERHEDE | MAKSIMUM | TOTAAL |
|---|---|---|
| Inleiding | **2** | |
| Doel van KMI | **8** | |
| Impak van KMV op gemeenskappe | **16** | |
| Verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte | **12** | **Maks 32** |
| Maniere waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer | **10** | |
| Gevolgtrekking | **2** | |
| **INSIG** | | |
| Struktuur/Uitleg | **2** | |
| Analise/Interpretasie | **2** | **8** |
| Sintese | **2** | |
| Oorspronklikheid/Voorbeelde | **2** | |
| **TOTALE PUNTE** | | **40** |

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African